



LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 37
16 November 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

BEGROTINGSVERGADERING 2019

Die begrotingsvergadering word op 19 November 2018 om 18:00 in die skoolsaal gehou. Die vergadering gee elke ouer 'n geleentheid om deel te wees van die bespreking en goedkeuring van die 2019-begroting. Die begroting van Huis Eybers sal na afloop van LVS begroting aangebied word.

Volgens wetgewing moet 'n skool se begroting deur die ouers goedgekeur word. Alle ouers moet dus teenwoordig wees vir die goedkeuring van 2019 se begroting. Neem die geleentheid aan om u inset tot die bedryf van Laer Volksskool te lewer.

MEEGEVOEL

Ons innige meegevoel gaan aan die Nell familie (Arno, Armand & Monique) met die afsterwe van hul geliefde ouma. Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

KERSSANGDIENS

Sondag, 18 November gaan die Graad 1's aan die NG Gemeente (Grootkerk) se Kerssangdiens deelneem.

SKOOL SLUIT

Die skool sluit op Vrydag, 23 November 2018 om 11:00 vir die leerlinge aangesien die skool weer as merksentrum gebruik word en die koshuisleerlinge die koshuis moet ontruim.

SAALBYEENKOMS

Alle Gr 7 ouers word vriendelik uitgenooi na die saalbyeenkoms op Vrydag, 23 November om 08:00.

RAPPORTE

Rapporte kan op 12 Desember tussen 8 en 9 uur by die klasonderwyser afgehaal word deur die ouers of leerlinge. Indien die ouer dit nie self kan afhaal nie, moet 'n skriftelike toestemmingsbrief na die skool gestuur word wat 'n ander persoon magtig om die rapport te ontvang.

Indien u nie die rapport kan afhaal nie, moet u 'n volledig geadresseerde koevert met 'n seël na die klasonderwyser stuur. Die rapport sal dan na u gepos word. Rapporte wat nie afgehaal word of nie gepos word nie sal tot volgende jaar in die kluis gehou word.

BETALING VAN SKOOLFONDS

Die skoolgeld vir 2018 moes al op 31 Oktober ten volle vereffen gewees het. Daar is 'n vergunning tot 25 November gemaak. Let asseblief daarop dat alle rekeninge wat nie op 25 November ten volle betaal is nie, op 30 November 2018 oorhandig sal word.

SKOOLFONDSREKENINGE

Die rekeninge is reeds uit. Maak asseblief seker dat u dit ontvang, per epos of per hand saam met u kind.

SKRYFBEHOEFTES

Die Barmhartige diens van die NG Gemeente (Grootkerk) in Graaff-Reinet benodig ongebruikte skryfbehoeftes wat by die huis rondlê. Indien u kan help, stuur dit asseblief na die kantoor.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Is jou kruis vandag te swaar om te dra?
Dit wat God jou oplê, te veel gevra?
Dink dan aan Jesus se kruis en lyding
wat ook vir jou verlossing bring.

Psalm 22:17

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoofivs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803